Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Patricia van Niekerk
Hoofdirektoraat: Distrikte
Patricia.VanNiekerk@westerncape.gov.za | 021 467 2171

Lêerno.: 27/9
Verwysing: 20220822-5465

Omsendbrief: 0037/2022
Vervaldatum: 31 Desember 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die dokument dien om gewone openbare skole in te lig oor die tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2023/2024.*

Onderwerp: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2023/2024

1. Die vraag na leerruimtes by skole in die Wes-Kaap neem steeds jaarliks toe. Om toelatings doeltreffend te bestuur, word van skole vereis om aan die tydraamwerke wat in hierdie dokument verskaf word, te voldoen.

2. Die maatreëls soos vervat in hierdie omsendbrief is van toepassing op aansoeke wat in **2023** vir toelating tot gewone openbare skole in **2024** ontvang word.

3. Die datums wat in hierdie omsendbrief vervat word, stel die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in staat om die voorsiening van klaskamers, personeeldiensstate, verkryging van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal, en alle ander sistemiese intervensies meer doeltreffend te beplan en te verseker dat skole elke jaar gereed is om te begin.

4. **Aanlyn toelatingstelsel**

4.1 Die aanlyn toelatingstelsel is ten volle geïmplementeer.

4.2 Baie ouers en organisasies het hul kommer uitgespreek oor skole wat ouers verplig om addisionele drukstukke of ander aanlyn aansoekvorms te voltooi en/of versoek dat

bykomende inligting ingedien word, wat onwettig of teenstrydig is met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI-wet), 2013 (Wet 4 van 2013). Dit sluit inligting in wat verband hou met die ouer se vermoë om skoolgeld te betaal, of persoonlike en gedragsinligting van die leerder.

4.3 Hierdie omsendbrief bevestig dus dat die **administrasie** van toelatings vir 2024 op die amptelike *School Admissions Management Information System* (SAMI) van die WKOD gedoen moet word, en skole mag derhalwe NIE hul eie gedrukte aansoekvorms, aanlyn vorms of -stelsels gebruik NIE. Skole mag ook nie bykomende inligting van ouers versoek wat nie in ooreenstemming is met die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), die *Admission Policy for Ordinary Public Schools*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 19377, gedateer 19 Oktober 1998, of die POPI-wet nie.

5. Tydraamwerke vir toelatings

5.1 Daar word van skole verwag om aan die volgende toelatingtydraamwerke van die WKOD te voldoen, wat **SLEGS op alle gewone openbare skole van toepassing sal wees**:

2023/2024 DATUMS	AKSIE
14 tot 16 Februarie 2023	Skole voltooi en teken geoutomatiseerde beplande inskrywings op die aanlyn toelatingstelsel af.
21 tot 23 Februarie 2023	Kringbestuurders verifieer en teken outomatiese beplande inskrywings op EduInfoSearch af.
FASE 1 – SKOOLPLASING	
13 Maart 2023	Skooltoelatings **open** (alle gewone openbare skole).
14 April 2023	Skooltoelatings **sluit** (alle gewone openbare skole).
17 April tot 19 Mei 2023	Skole verwerk aansoeke.
24 Mei 2023	**Prinsipale finaliseer die status van alle aansoeke op die aanlyn toelatingstelsel en teken dit af.**
26 Mei 2023	Kringbestuurders teken die status van alle toelatings op EduInfoSearch af.
29 Mei 2023	Stelsel vertoon die uitslag van alle aansoeke.
29 Mei tot 02 Junie 2023	Ouers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig.
29 Mei tot 19 Junie 2023	**Ouers bevestig aanvaarding.**
FASE 2 – SKOOL-/DISTRIKSPLASING	
19 Junie tot 31 Julie 2023	Skole vul beskikbare plekke.
20 Junie, tot wanneer plasing afgehandel is.	Ouers word van plekke in kennis gestel, en moet dit binne **drie dae** aanvaar en bevestig.
FASE 3 – DISTRIKSPLASING	
31 Julie 2023 – Afhandeling van toelatings	WKOD neem 'n besluit en plaas ongeplaasde leerders in oorleg met skole.
Na aftekening van vordering en bevordering	Skole bevestig inskrywings.

5.2 Die aansoekproses vind in drie fases plaas.

5.2.1 In fase een doen ouers aansoek en skole neem 'n besluit, soos beskryf op bladsy 2, oor plasings.

5.2.2 In fase twee besluit distriksamptenare en skole oor plasing.

5.2.3 In fase drie besluit distriksamptenare oor plasing.

5.3 Die prinsipaal moet as die aanspreeklike beampte die status van die aansoeke op **24 Mei 2023** op die aanlyn toelatingstelsel afteken **omdat die suksesvolle status van 'n aansoek nie omgekeer kan word nadat na die uitslag gepubliseer is, (29 Mei 2023) en ouers in kennis gestel is nie.**

5.4 **Skole mag nie van die gegewe tydraamwerke afwyk nie.**

5.5 **Skole wat nie die tydraamwerke nakom nie, sal ingevolge WKOD-prosedure hanteer word.**

5.6 **Skole MAG NIE ouers oor die uitslag van hulle aansoek se status in kennis stel voordat dit op die aanlyn toelatingstelsel verskyn NIE.**

5.7 Aangesien ouers die reg het om te wag totdat al die skole hulle van die uitslag van die aansoek in kennis gestel het, mag skole nie ouers versoek om voor die sperdatum hul keuse te bevestig nie.

5.8 Indien ouers nie die finale aanvaarding teen hierdie datum en tyd bevestig nie, sal die aanlyn toelatingstelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die volgende leerder toeken.

5.9 Indien ouers nie aanvaarding teen **19 Junie 2023** bevestig nie, mag skole sodanige plekke aan leerders op die waglys of aan ander ongeplaasde leerders bied.

5.10 Namate die aansoeke verwerk word, genereer die aanlyn toelatingstelsel 'n lys van ongeplaasde leerders en dui aan watter skole beskikbare plekke het.

5.11 Dit is dus baie belangrik dat skole seker maak dat die beplande inskrywings korrek is en aansoeke teen die sperdatums verwerk word om te verseker dat amptenare akkurate inligting het wat gebruik sal word om ouers oor die beskikbare plekke in te lig.

6. Aansoekproses

6.1 Slegs leerders van verpligte skoolgaande ouderdom wie se ouers vir 'n plek in graad 1 en graad 8 aansoek doen, word as nuwe aansoeke by 'n skool geklassifiseer.

6.2 Alle ander aansoeke moet as oorplasings aangedui word.

6.3 Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat die leerder van 'n plek by 'n ander skool verseker is voor die leerder uit die skool oorgeplaas word.

6.4 Skole word versoek om alles in hulle vermoë te doen om ouers in staat te stel om op die aanlyn toelatingstelsel aansoek te doen deur hulle op die volgende maniere by te staan:

6.4.1 Beheerliggame kan ouers toelaat om onder toesig en in beheerde omstandighede toegang tot die rekenaarlaboratorium te kry en dit te gebruik, in gevalle waar die risiko vir die skool baie laag is.

6.4.2 Betroubare en geloofwaardige ouers, onderwysers, administratiewe personeel, assistente wat 'n internskap doen of leerders van graad 7 tot 12 wat rekenaargeletterd is, kan ouers met die aanlyn aansoekproses bystaan.

6.5 Waar daar egter geen toegang tot die internet is nie, kan ouers toegang tot die internet by openbare biblioteke verkry, hul aansoeke direk by skole inhandig of hulp van die distrikskantoor versoek.

6.6 Ouers wat direk met skole kontak maak en bystand versoek, mag nie weggewys word nie. Daar is bewerings in die hof gemaak dat ouers deur die ondersteuningspersoneel weggewys is. Daar word van skole verwag om alle ouers met toelatingsnavrae te help. Alle navrae (telefonies, e-posse, instapdiens) betreffende toelatings moet op die toelatingstelsel aangedui word. Die skool moet die naam, van en kontakbesonderhede van die ouer sowel as die naam, van en SOBIS/Identiteitsdokumentnommer van die leerder aanteken.

6.7 Skole moet die **leerdertoelatingsvorm** aan ouers gee wat namens die ouer op die stelsel bygewerk moet word. Ouers moet in kennis gestel word dat die voltooide toelatingsvorm wat terugstuur word nie outomaties 'n plek by die skool waarborg indien die skool geen beskikbare leerruimtes volgens die beplande inskrywing het nie.

6.8 Skole en distriksamptenare word sterk aangeraai om enige kommunikasie wat van ouers ontvang word te erken en binne 10 skooldae op enige navraag te reageer.

6.9 Alle interaksie moet op SAMI bygewerk word.

6.10 Ouers word sterk aangeraai om by meer as een skool aansoek te doen. Dit sal verseker dat ouers ten minste 'n ander moontlike opsie het as die skool van hul keuse nie 'n plek het nie.

6.11 Ouers moet hul voorkeurvolgorde op die aanlyn toelatingstelsel aandui. Dit skakel die beperking van plekke uit wat die finalisering van toelatings op 'n jaargrondslag vertraag. Skole kan nie die leerders se voorkeur sien nie.

6.12 Ouers moet die volgende webadres gebruik om hulle finale keuse te maak: https://wcedonline.westerncape.gov.za. Toegang tot die webwerf kan verkry word deur enige toestel met internettoegang te gebruik, byvoorbeeld, skootrekenaars, tablette of selfs slimfone.

6.13 Alle aansoeke, hetsy deur die ouer gedoen of by die skool ingehandig, MOET op die aanlyn toelatingstelsel bygewerk en verwerk word.

6.14 Skole moet aansoeke wat tydens die vasgestelde tydraamwerk ingedien word, prioritiseer.

6.15 Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, geskilpunt of 'n wettige beswaar, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te verskaf, byvoorbeeld wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Enige besonderhede wat nodig is om 'n dispuut op te los, sal dan uit die amptelike WKOD-toelatingsinligtingdatabasis geneem word.

6.16 Skole moet onthou dat ouers te alle tye die status van hul aansoek op die aanlyn toelatingstelsel kan nagaan. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat die stelsel die uitslae van die aansoeke voortdurend korrek vertoon.

6.17 Skole en distrikte MOET ALLE laat aansoeke wat ontvang word, vaslê.

7. Ouers bevestig aanvaarding en dien ondersteunende dokumente in

7.1 Ouers moet voor **00:00** op **19 Junie 2023** die aanvaarding van hul finale keuse bevestig. Indien ouers nie die finale aanvaarding teen hierdie datum en tyd bevestig nie, sal die aanlyn toelatingstelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die leerder toeken.

7.2 Ouers kan die aanvaarding soos volg bevestig:

a) Bevestig dit direk op die aanlyn toelatingstelsel.
b) Stuur 'n ondertekende bevestigingsbrief/antwoordstrokie direk aan die skool.
c) Kontak hul naaste distrikskantoor om te bevestig.

7.3 Die skool moet dan voor 00:00 op 19 Junie 2023 die bevestiging van die aanvaarding op die aanlyn toelatingstelsel laai.

7.4 Wanneer ouers aansoek doen, moet hulle afskrifte van die nodige stawende dokumente op die aanlyn toelatingstelsel laai.

7.5 Ouers moet na 19 Junie 2023 gewaarmerkte afskrifte van stawende dokumente by die skool inhandig waar die leerder se bevestiging van aanvaarding vir 2024 ingedien of bevestig is. Dit moet binne **sewe skooldae** na bevestiging van aanvaarding gedoen word.

7.6 Beheerliggame behou die reg voor om aansoeke te verwerp indien ouers vals of bedrieglike dokumente inhandig.

7.7 Sodra ouers die leerruimtes bevestig het, kan die skool voortgaan om oop leerruimtes aan leerders op die waglys of ongeplaasde leerders te bied.

8. **Oplossings in gevalle waar leerders nie 'n leerruimte by 'n skool gekry het nie**

8.1.1 Leerders wat vir die volgende jaar by 'n skool aansoek doen en wat reeds in 'n skool is, is nie ongeplaas nie.

8.1.2 Gevalle waar leerders nog plek benodig, word as **"placement in progress"** geïdentifiseer.

8.1.3 Die betrokke distriksamptenare wat verantwoordelik is vir toesig oor die toelatingsadministrasie, sal toegang hê tot die lyste van ongeplaasde leerders, asook beskikbare leerruimtes by skole in die distrik. Hierdie amptenare moet help om leerders te plaas deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

8.2 **Amptelike prosedure vir 'n ouer wat bystand vir plasing versoek**

8.2.1 Skole het nog tot die derde kwartaal om alle beskikbare plekke vol te maak. WKOD-amptenare is ook besig om plekke vir leerders te vind en te waarborg. Die WKOD sal ingryp en die oorblywende leerders plaas, in oorleg met skole in die 4de kwartaal, indien hulle steeds nie geplaas is nie.

8.2.2 Intussen raai ons ouers aan die volgende te doen:

8.2.2.1 Gaan voort om aan die top 2- of 4-skole op u lys te skryf, of bly in kontak met hulle.

8.2.2.2 Verskaf redes waarom die skool u aansoek moet heroorweeg.

8.2.2.3 Hou boek van alle kommunikasie.

8.2.2.4 Bly in kontak met ons kantoor sodat ons weet dat u steeds bystand nodig het. Laat weet ons ook as u saak opgelos is.

8.2.2.5 U laaste stap in die proses is om 'n appèlbrief aan die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys te skryf, wat u reg is, volgens die SASW.

8.2.2.6 Indien dit duidelik is dat daar enige diskriminasie was of daar 'n wesenlike administratiewe fout was, kan u by die LUR appelleer.

8.2.2.7 Die WKOD kan nie plekke by voorkeurskole waarborg nie.

8.3 **Ouers wat nie op die stelsel aansoek gedoen het nie**

8.3.1 Ouers wat nie op die stelsel aansoek gedoen het nie, moet die naaste distrikskantoor kontak.

8.3.2 Ouers moet die WKOD se aansoekvorm, insluitend al die vereiste dokumentasie, voltooi en by die distrikskantoor indien.

8.3.3 Daarbenewens het die WKOD skole in elke voorstad of dorp geïdentifiseer wat die ouer sal kan bystaan in die geval waar die ouer nie toegang tot die internet het of by die distrikskantoor kan uitkom nie.

8.3.4 Die ouers kan die name van hierdie geïdentifiseerde skole by skole naaste aan hul woonplek, bekom.

9. **Voorspraakprogram**

9.1 Die WKOD sal 'n volledige voorspraakprogram van stapel stuur om die publiek in te lig, wat verskeie mediauitlegte en -platforms insluit.

9.2 Dit sal gedrukte media, plakkate, pamflette en gedrukte advertensies sowel as radio en toepaslike sosialemediaplatforms insluit.

9.3 Aanvullende inligting- en opleidingsessies oor die aanlyn toelatingstelsel sal gedurende Oktober tot November 2023 vir alle amptenare en skooltoelatingspersoneel gehou word. Meer besonderhede oor hierdie sessies sal volg.

10. Weens die toenemende aanvraag na leerruimtes by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls skole en ouers sal help. Ons wil graag prinsipale, beheerliggame en amptenare bedank vir hul ondersteuning om alle leerders by skole te plaas.

11. Alle navrae oor toelatings kan aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder van elke distrik gerig word.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-09-14